



WEIVELD

Prof Hennie Snyman

Die wêreld met al sy hulpbronne, soos ons dit vandag ken, het ontstaan as gevolg van miljoene jare se ontwikkeling van natuurlike prosesse. In die natuurlike omgewing is daar 'n delikate balans tussen die wisselwerkende elemente en kragte van opbou en afbraak.

Die mens vorm deel van hierdie omgewing en om in sy behoeftes te voorsien, gebruik die mens die natuurlike hulpbronne van die aarde. Ongelukkig is dit so dat die mens nie altyd tred hou met die volhoubare benutting van verskeie ekostelsels nie. Suid-Afrika is geseënd met 'n groot verskeidenheid van natuurlike hulpbronne waarvan grond, water en plantegroei die belangrikste vir volgehoue voortbestaan van die bevolking is.

Afhangende van die wyse en sorg waarmee hierdie drie natuurlike hulpbronne benut word, is hulle hernubaar en kan dit voortdurend tot voordeel van almal benut word.

Ongeveer 85% van die oppervlakte van Suid-Afrika word vir landboudoeleindes benut. Die oorblywende 15% van die oppervlakte word in beslag geneem deur plantasies, inheemse woude, stede, infrastruktuur en myne. Die landboupotensiaal van landbougrond word onder andere bepaal deur die grondtipe, topografie en klimaatstoestande. Hierdie faktore varieer aansienlik in Suid-Afrika. Die grootste gedeelte van die beskikbare landbougrond (82%), het 'n lae landbou-potensiaal en is slegs geskik vir natuurlike weiding. Van die oorblywende gedeelte wat wel bewerkbare landbougrond is, is 'n skrale ongeveer 3% hoë potensiale landbougrond en geskik vir intensiewe landbougebruik. Die landbouproduksiepotensiaal van die grond is dus meesal laag en uiters kwesbaar.

Die erkenning en handhawing van die balans binne die ekosisteem behoort die basiese uitgangspunt in die instandhouding, verbetering en benutting van die weidingekosisteem te wees. Die huidige dilemma van die natuurlike weidingekosisteem in suidelike Afrika is dat daar dikwels nie meer sprake van 'n natuurlike balans is nie, gevolglik kan dit nie volgehoue diereproduksie verseker nie. In kunsmatige weidingekosisteme kan volgehoue diereproduksie net met hoë energiesubsidies verkry word. Die simptome van versteuring in die vorm van ontblote veld, bos- en struikindringing en erosie is oral sigbaar.

maande ontvang het moet nie beskou word dat die impak van die droogtes sondermeer totaal opgehef is nie.

Plantopvolging of plantsuksessie

Plantegroei is nooit staties nie, maar verander gedurig totdat dit in ewewig is met die omgewingstoestande, veral die klimaat. Hierdie voortdurende verandering van die plantegroei totdat 'n ewewigtoestand bereik word, staan bekend as plantopvolging of plantsuksessie. Plantopvolging word deur verskeie faktore bepaal waarvan die klimaat en veral die hoeveelheid en seisoenale verspreiding van reënval die belangrikste is. Ander faktore soos grondfaktore en veral die behandeling wat die veld ontvang bepaal die suksessiestadium waarin die veld verkeer. Onder natuurlike toestande vind plantopvolging (progressiewe suksessie) baie stadig plaas. Agteruitgang van die veld of retrogressiewe suksessie kan baie vinnig geskied veral as gevolg van menslike aktiwiteite soos oorbeweiding (funksie van tyd en nie noodwendig diere getalle nie) of drastiese versteuring van die veld.

BESTUUR

Die korttermynproduktiwiteit van die weidingekosisteem, is 'n funksie van klimaatsvariasies, veebelading, bestuurstelsels en die tipe dier waarmee geboer word. Hierteenoor behels die langtermynoptimalisering van plant- en diereproduksie hoofsaaklik die voorkoming van hulpbron agteruitgang. In natter streke is plantegroei veranderinge en -produksie redelik voorspelbaar, terwyl oorbeweiding tot stadige plant- en gronddegradasie aanleiding gee. 'n Kenmerk van droër gebiede daarteenoor, is dat oorbeweiding dikwels 'n groot invloed op die plantegroei samestelling en grondbedekking, en gevolglik op erosie en die volhoubare produktiwiteit van die weidingekosisteem het, wat dan ook met verhoogde droogterisiko gepaardgaan.

Die erge droogtes wat in groot weivelddele van Suid Afrika die afgelope paar seisoene voorgekom het, het sy tol geëis nie slegs in terme van die weiveld se laer produksie nie, maar ook in terme van verandering in plantsamestelling. Die plantegroei samestelling van weiveld dui nie slegs op die vorige geskiedenis daarvan nie, maar ook op die toekomstige behandeling wat dit vereis om te verbeter. Weens die intense droogtes het selfs grasse en bossies totaal afgesterf, wat die botaniese samestelling van die weiveld aansienlik verander en verswak het. Voordat die verskillende metodes van weiveldherstel vir die Tuli veeboer bespreek gaan word, word kortliks stil gestaan by sekere ekologiese beginsels soos plantopvolging of plantsuksessie, wat die basis vir die opbouproses vorm. Die bogemiddelde reënval wat weivelddele die afgelope paar

In die droër dele gaan weiveldagteruitgang gewoonlik ook gepaard met 'n afname in plantegroei bedekking wat groter blootstelling van die grond teen die aanslae van die natuurelemente in die hand werk. Daarom kan die mees drastiese plantegroei verandering wat in hierdie weiveld voorkom, aan 'n verandering aan die mikroklimaat toegeskryf word. Gedurende plantopvolging kan gewoonlik drie suksessiestadiums onderskei word, naamlik pionier, subklimaks en klimaks stadium.

Gedurende pionier stadium is die grond gewoonlik ontbloot, die grondvrugbaarheid is laag en waterverhoudings is baie swak omrede baie reënwater wegloop en gevolglik min waterinfiltrasie plaasvind. Die plante wat gedurende hierdie stadium voorkom moet dus geharde planttipes wees. Sulke plante is meesal eenjarige soorte met smal lynvormige blare en dit vorm groot hoeveelhede saad om die voortbestaan daarvan te verseker. Die pionier plante het dan ook 'n baie vlak wortelstelsel wat dit in staat stel om die min beskikbare water doeltreffend te benut. Hierdie eenjarige plante sterf jaarliks af en die organiese materiaal lewer 'n bydrae om grondtoestande en waterverhoudings te verbeter.

In die subklimaks opvolging stadium is grondtoestande, veral grondvrugbaarheid en waterverhoudings beter omdat beter waterinfiltrasie plaasvind en minder afloop voorkom. Die plante wat in hierdie stadium voorkom is sterker meerjarige soorte met breër blare, maar het nog nie 'n hoë opbrengs nie. Hierdie subklimaks plante berei die omgewingstoestande, →

veral die grondtoestande nog verder voor vir die volgende opvolgingstadium.

Die klimaksstadium word gekenmerk deurdat die grondtoestande besonder gunstig is met betrekking tot grondvrugbaarheid en waterinfiltrasie en gevolglik kom goeie waterverhou-dings dan ook voor. Die plante is sterk meerjarige soorte wat 'n hoë opbrengs lewer. Gedurende hierdie stadium is die plantegroei nou in harmonie met die omgewingstoestande. Die klimaksstadium bevat gewoonlik plantsoorte wat die bepaalde omgewingstoestande die beste kan benut. Ongeveer 80% van die wortels van klimaksgrasse is in die boonste 200 mm grondlae geleë wat grootliks vir plantproduksie verantwoordelik is. Die ander 20% wortels, wat dieper die grond indring, is weer vir plantoorlewing verantwoordelik. Ongelukkig het die intense droogtes in groot weivelddele mee gebring dat selfs van die dieper wortels afgesterf het en gevolglik is ook groot dele van die graspolle morsdood. In van die bossievelddele het die droogte selfs groot bossies totaal laat afsterf en wat weer vanaf saad moet hervestig.

Aangesien die makroklimaat van gebied tot gebied verskil, sal die plantegroei tipe wat die plantsukses uitmaak ook varieer. Die plantopeenvolgingstadiums sal gevolglik uit verskillende plantsoorte of plantspesies bestaan. Die plante wat in 'n gebied voorkom is dus 'n indikator van die bestuur wat in die verlede toegepas is. Vir die Tuli boer is dit noodsaaklik om te weet watter grasspesies voorkom, waar hierdie spesies op die suksessie staan, hoe elke spesie op beweiding reageer en hoe die diere elke spesie kan benut. Die verfyning van veldtoestandbepaling sluit ook kriteria soos produktiwiteit, smaaklikheid en voedingswaarde in, waarop in hierdie bespreking nie verder in detail ingegaan gaan word nie. Oor die algemeen kan vir hierdie bespreking aanvaar word dat die klimaksplantegroei in die ekstensiewe weistreke as die mees gewenste plantegroei beskou kan word. Nie alleen is die produksievermoë van die veld wat in die klimaksstadium verkeer hoog nie, maar 'n meer stabielere produksie van goeie kwaliteit weiding word gewoonlik gehandhaaf. Die gesondheid waarin die veld verkeer kan slegs beoordeel word deur dit te vergelyk met die optimum toestand daarvan in 'n sekere gebied. Alleen dan kan vasgestel word of 'n herwinnings- of 'n benuttingstelsel gevolg moet word.

Riglyne vir vinniger weiveldherstel

Veegetalle

Die vermindering van veegetalle vorm die kern of basiese beginsel vir weiveldherstel. Daar word besef dat baie veeboere reeds tydens die droogte noodwendig veegetalle verminder het. Sonder dat die veegetalle aangepas is by die potensiaal van die weiveld is daar geen kans vir weiveldherstel nie. Indien prakties moontlik sal 'n totale onttrekking van diere nog 'n beter oplossing vir vinniger herstel van die weiveld in die hand werk. 'n Ander moontlikheid is om 'n kamp of twee op te offer wat noodwendig bewei gaan word sodat die res voldoende kan rus. Die kleiner graspolle weens afsterwing tydens 'n droogte moet kans gegun word vir vinnige herstel sodat die polle se produktiwiteit tot normaal kan herstel. Die bossies wat weens die droogte totaal afgesterf het moet ook kans kry om vanaf

saad weer te vestig. Vir beide bogemoemde is lae diere getalle of totale onttrekking die oplossing.

Losmaak

Die uiterste vorm van veldagteruitgang kom voor in die vorm van kaalkolle wat later opgevolg word deur groter gronderosieverliese en uiteindelik die vorming van slote. Ongelukkig dien kaalkolle in baie gevalle as eerste sigbare tekens van veldagteruitgang by boere. Die losmaak van veld wat in 'n uitsers swak toestand verkeer mag 'n oplossing bied vir vinniger veldherstel, maar dit gaan met hoë kostes gepaard. Met 'n tandbewerking moet in gedagte gehou word dat grond met grond verskuif word en gevolglik is dit 'n hoë energie verbruik waarmee dit gepaard gaan. So 'n praktyk se sukses is ook onderworpe aan die reënvaltoestand daarna. 'n Paar vinnige donderstorms mag die hele voordeel van beter deurlugting en waterindringing totaal weer ophef. Die inbring van saad saam met die bewerkingsbehandeling is ook belangrik.

Gronddeurlugting deur implimente stimuleer mikrobe aktiwiteit wat ook verantwoordelik is vir 'n vinniger afbraak van organiese materiaal in die grond. Daarom mag die voordele wat met 'n losmaakproses van natuurlike weiveld verkry word, dalk nie so groot in omvang wees as wat algemeen sou verwag word nie. By veld wat in 'n redelik tot goeie toestand verkeer moet twee maal gedink word voordat 'n meganiese versteuring daarvan oorweeg word. Ondervinding het geleer dat in sekere gevalle die enkele voordele met beter waterindringing nie altyd geregverdig is nie en dat die toestand van die veld aanvanklik eers 'n vlak daal voordat dit weer herstel. Baie gewenste graspolle word in die hele proses uitgehaal of versteuring van die hele weidingekosisteem vind plaas deurdat ongewenste plante of onkruid hulle verskyning maak.

Inbring van saad

Indien weivelddegradasie so 'n vlak bereik het dat dit gedomineer word deur pionierplante sal dit vanself baie stadig weer herstel indien slegs die nodige rusperiodes ingebou word. In so 'n geval is die inbring van saad die enigste maatreeël om die herstelproses te versnel. In die meeste gevalle mag daar ook nog 'n gebrek aan 'n saadbron van klimaksgrasse in die grond bestaan. Die aangewese proses is om grassaad wat natuurlik in die omgewing voorkom en in 'n hoër vlak van suksessie is, elders te oes en te hersaai. Ongelukkig is daar nie veel gras-saad van spesies wat natuurlik in die veld voorkom in die handel te koop nie.

'n Grasspesie wat onder 'n verskeidenheid omstandighede en wyd verspreid voorkom en waaroor die meeste navrae oor die vestiging daarvan verkry word, is Themeda triandra (rooigras). Hierdie spesie se vestiging op gedegradeerde weiveld gaan vervolgens as voorbeeld bespreek word. Daar is tog sekere omstandighede waar dit nie na wense sal vestig nie, naamlik vlak grond en ondeurdringbare struktuurlose, humuslose grond. Verder kan reënval ook 'n beperkende faktor wees (laer as 300 mm reënval). Die belangrikste faktor vir suksesvolle vestiging is die stadium van plantopvolging waarin die veld verkeer.

Baie klagtes word van boere ontvang wat nie sukses met die hersaai van rooigras het nie, wat gewoonlik toegeskryf kan word aan die stadium van plantopvolging waarin die veld verkeer, sowel as die gebrek aan kennis oor die ontkieming van die grassaad. Aangesien rooigras 'n klimaksplant is, kan dit →



XRS2 EID Stick Reader

Read, record, edit and customise individual animal information.



XR5000 Indicator

Suitable for medium to large farms with a commercial or stud focus, and those interested in a wide range of performance indicators.



For more information
+27 (0)21 981 0939 or visit
www.livetracksa.com
You may also email us at
sales@livetracksa.com

KNOW WHAT YOU'VE GOT



HD5T Load Bars

Tough, reliable and easy to install under your cattle crush. Capacity: 5000 kg

Cattle Forcing Pen with Mobile Yard Setup

1/2 Circle Forcing Pen for Cattle that can easily be moved from one location to another. The forcing pen helps to improve animal flow and through put into the crush to handle your herd with ease.



slegs suksesvol in die gevorderde stadium van plantopvolging hersaai word. Pionieveld kan gevolglik met vrug eers met meer geharde soorte soos Eragrostis soorte hersaai word, voordat rooigras oorweeg word.

VINNIGE WENK!

Daar bestaan ook baie suksesverhale van die vestiging van byvoorbeeld Digitaria eriantha (smutsvingergras) en Anthephora pubescens (borseltjiegras) in die veld in droër dele.

Ongeveer vyf weke nadat rooigrasplante begin blom, kan die saad geoes word deur gerwe te sny. Sorg moet gedra word dat die saad ten volle ontwikkel het voordat dit gesny word deur na die kleur, wat donkerbruin tot swart moet wees, te kyk. Ligter gekleurde saad is gewoonlik onderontwikkeld en sal nie ontkiem nie. Hierdie gerwe kan dadelik net so in die veld uitgestrooi word sodat die saad nie uitval nie of dit kan eers geberg word tot die volgende seisoen. Sommige sade mag dadelik begin ontkiem indien toestande gunstig is, maar die oorgrote meerderheid sal eers na die winter ontkiem vanweë die narypingsperiode van nege maande.

Indien die saad gestoor word kan dit met veiligheid vir etlike jare gedoen word sonder dat die kiemkragtigheid afneem.

Rooigras vorm gewoonlik gedurende twee periodes saad naamlik Oktober/November en weer Februarie/Maart. Die voorjaar saad is gewoonlik van 'n hoër kwaliteit. Die saad sal hulle self in die grond inboor deur middel van die angel of higrokopiese naald. Onder gunstige toestande neem die angel water op wat dit laat roteer of krul om die saad so diep as 10 mm die grond in te boor. Saad of gerwe moet nie te yl uitgestrooi word nie, sodat die halm 'n gunstige mikroklimaat kan skep. Die angel se funksie is dus slegs om die saad in die grond in te boor en het niks met die ontkiemingsproses self te doen nie. Indien die angels dus wel afbreek of uittrek, sal die saad dus op 'n kunsmatige manier in die grond ingekry moet word.

Gedurende die eerste seisoen na vestiging moet die kamp van beweiding onttrek word om sodoende die saailinge kans te gee vir volledige vestiging en ontwikkeling.

Wei in winter en rus in somer

Vinnige herstel van weiveld wat nog nie so 'n lae vlak van agteruitgang bereik het nie, kan verkry word deur dit in die somer te laat rus en slegs in die winter te bewei. Die rus gedurende die somer sal verseker dat voldoende saad geproduseer word sodat die spesiesamestelling kan verbeter. Die beweiding gedurende die winter sal ook die verdigte bogrond los trap vir beter waterinfiltrasie asook die intrap van die opgeboude organiese materiaal in die grond. Wanneer veld in 'n te swak toestand verkeer, sal bogenoemde benadering nie altyd vrugte afwerp nie, omdat sulke veld gewoonlik redelik onbenutbaar

is met 'n lae voedingswaarde. Sulke pionieveld sal dus baie moeilik gedurende die winter benut kan word sonder dat die diere ook daaronder sal lei.

Nodige rusperiodes

Wanneer weiveld eers in 'n redelik goeie toestand verkeer is dit absoluut noodsaaklik dat die grasplant gedurende sekere tye van die jaar of gedurende sekere stadiums van ontwikkeling 'n ruskans moet kry. Dit is ook duidelik dat daar verskillende soorte of tipes veldrusperiodes bestaan. Die tipe of soort rus wat toegepas gaan word, sal van die doel met die rus afhang. Kennis van die toestand waarin die veld verkeer is dus 'n voorvereiste vir die wetenskaplike toepassing van rusperiodes. So byvoorbeeld sal daar in die geval van 'n ylbedekte veld met 'n relatief lae persentasie gewenste meerjarige grasse, 'n rusperiode toegelaat word vir die skiet van saad (somer), opgevolg deur 'n rusperiode vir die vestiging van saailinge (lente). In die geval van veld met klein polletjies waarvan die groeikrag swak is, sal 'n rusperiode toegelaat word vir die aanvul of herstel van groeiereserwes en wortelgroei. 'n Volle groeiseisoensrus kan in sekere gevalle die aangewese oplossing bied. Bogenoemde benadering kan oor die korttermyn maar min voordele vir diereproduksie inhou, maar hierdie rusperiodes sal wel diereproduksie oor die langtermyn verhoog vanweë verhoogde voerproduksie en stimulasie van wortelontwikkeling. Hierteenoor is daar ook rusperiodes wat die korttermynbelang van die dier ten doel het sonder enige inagneming van die effek daarvan op die veld se bo- en ondergrondse ontwikkeling. Hierdie rustye wat ten doel het om diereproduksie te bevorder sluit die kort tydperke van afwesigheid wat in 'n wisselweidingstelsel toegepas word in, ten einde voorsiening te maak vir die akkumulasie van voldoende weiding wat genoegsame inname deur diere sal verseker wanneer hulle vir 'n volgende siklus terugkeer om te wei. Die tydperk van afwesigheid sal in lengte wissel, afhangende van die groeitempo van die veld, die tempo van voerkwaliteit afname en die tipe vee wat daarop wei.

Die grootste uitdaging hiermee is die regte bestuur daarvan na vestiging sodat dit weer 'n volhoubare ekosisteem mag vorm. Hierdie ingesaaide spesies is gewoonlik baie smaaklik en word daarom maklik oorbewei wat kan meebring dat na 'n paar jaar die hele toestand van veldagteruitgang hom mag herhaal. In teenstelling met kontantgewasse, het die meeste grassade 'n narypingsperiode van ten minste nege maande, met ander woorde saad wat hierdie seisoen ryp geword het, sal volgende seisoen eers optimaal ontkiem. Enkele uitsonderings is Eragrostis wat dadelik na oes goed ontkiem. Van die belangrikste voordele wat 'n narypingsperiode inhou is om te verseker dat die grassaad voldoende sal versprei en gevolglik nie slegs in die onmiddellike omgewing van die moederplant sal vestig nie. Dit verseker ook dat die saad onder meer gunstiger klimaatstoestande sal vestig.

Nog 'n voorbeeld van 'n gras wat geen saadrusperiode toon nie, is Elionurus muticus (koperdraadgras). Hierdie gras vermeerder veral in die suur- en gemengde grasveldgebiede, veral onder oorbeweiding en op die suurder sandgronde. Die feit dat hierdie grassoort vinnig kan vermeerder, is deels te wyte aan die verskynsel dat die gewenste grasse oorbewei word, hulle kompetisievermoë afneem en koperdraadgras se saailinge die "vakuum" kan benut voordat saad nog dieselfde somer en herfs kan vestig.

Navorsing op Stipagrostis (boesmangras) grasspesies het getoon dat hulle saad 'n vertraagde rypwording toon en dat 'n remstof teenwoordig is wat ontkieming vertraag. Hierdie remstowwe by Boesmangrasse verseker dat sade eers sal ontkiem wanneer genoeg-same hoeveelhede reën geval het, sodat dit uitgelooë kan word en daarom verseker dat ontkiemings slegs sal plaasvind onder gunstiger omgewingstoestande.

BREEDING REGENERATION

We steward climate resilient Tuli genetics in harmony with nature

CARROLL
CT
TULI



HERLU RAUTENBACH

www.carrolltuli.com | carroll.tuli@gmail.com | +27 72 392 6340 | Lichtenburg NW

'n Eenvoudige bestuursbeginsel is dat die manier waarop die weiveld rus, baie belangriker is as die manier waarop dit benut is (sien foto).

Samevatting

Die mens het 'n verbysterende verskeidenheid krisisse op sy kerfstof as gevolg van pogings om die omgewing na sy wens te manipuleer. Die snelgroeiende wêreldbevolking wat gevoed en geklee moet word, die verhoging in lewensstandaarde van ontwikkelde en ontwikkelende gebiede, die omvangryke omgewingsbesoedeling en die ongekontroleerde gebruik van die natuurlike hulpbronne, waarborg herhaaldelike toekomstige krisisse.

Die oplossing vir dié probleem is geleë in 'n poging deur die mens om in harmonie met die omgewing saam te leef, maar hiervoor is dit absoluut noodsaaklik om wel vertrouwd te wees met die basiese beginsels in die ekologie. ■

Prof Hennie Snyman is 'n afgetrede weidingkundige wat voorheen verbonde was aan die Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde, Universiteit van die Vrystaat.
Epos: Hensny1@gmail.com



My Tuli journey

Gordon Gilfillan

My journey with Tuli started during my high school years at Union High School in Graaff-Reinet. I was born and bred in Middelburg, Eastern Cape, in the Karoo where sheep farming is our bread and butter.

My late father Anthony farmed on Glen Heath and was well known in the area as a good stockman. Throughout his farming career he had various small stock studs. In the 80's during the mohair boom he farmed with Angora goats and he received numerous awards for his Angora's. In the 90's he established an Afrino stud and was also one of the founder members of the meat master sheep breed.

Growing up on the farm I was constantly preached to by my dad about stock and what to look for in an animal and what is important and what isn't. His message was simple: Farm with something that can produce off the veld with minimal input and fuss.

In 1998 he fetched me at school to attend one of Russell Clarks first Tuli sales. He had viewed some Tuli's in Steynsburg and was very impressed with what he saw. The decision was taken to buy a Tuli bull. He bought his first bull in 1998. At the time the Tuli was not well known and many eyebrows were raised in our area. The first calves were impressive and the decision was taken to register a stud. The performance of the Tuli on the farm was exceptional compared to anything else he had tried.

My Rugby career

After matriculating in 2000 I received a phone call from my school saying that I had been included in the SA u/19 Elite squad. This was a huge surprise as I had played Craven week in 1999 and 2000, but never made the SA schools side.

During my first year at Maties I represented the SA u/19 team to play in u/19 World Cup in Santiago, Chile in South America. The following year I was still u/20 but managed to make the SA u/21 team coached by Jake White.

The team won the u/21 World Cup that year which took place in Johannesburg. The following year I was selected again to represent the SA u/21 team at the World Cup which took place in Oxford, England.

At the end of 2003, I was moving from the juniors and into the seniors' squads. I received numerous offers from all the big unions: Lions, WP, Bulls, and Sharks. Jake White had always been very good to me. After discussing the options with him, he advised me to move to the Lions. The Lions were coached by Frans Ludeke who had coached me in the S.A u/19 team. The move, from being a Stellenbosch student, to Johannesburg was quite an adjustment to say the least. From 2003 to 2007 I was fortunate enough to represent the Cats in Super Rugby, Lions in Super Rugby and the Lions in Currie Cup.

I went on 3 Super Rugby tours to Australia and New Zealand and was fortunate to have played with some of the legends of South African Rugby during this time. At the age of 25 after multiple knee injuries, I make the decision to end my rugby career.

I decided to move back to the farm, as my mom had been running the farm for the past 4 years and I felt I had to move back and begin my farming career.

When arriving back on the farm I was confronted with 2 small stock studs and the Tuli stud. I made a very rash and uninformed decision at the time. I decided to deregister the Tuli stud as the paperwork and work with three studs overwhelmed me.

After a few years as a commercial Tuli farmer and attending various stud sales



I felt that I had made a big mistake and had a strong desire to re-register the stud. With the help of the Tuli Council and some senior breeders I re-registered in 2010. This has been one of my best decisions ever.

The Tuli has proven itself over and over again with its ability to not just produce well in the arid Karoo environment but it has excelled. With exceptional fertility and hardiness, the herd has improved every year.

In my farming career, 2019 was one of the worst years in living memory in our area and parts of the farm received a mere 80mm of rain for the year. (Photo above). Most surrounding farmers either moved or sold their cattle but I managed to hang onto my cows with minimal feed. They still achieved an excellent conception in 2020 and I found new respect for this marvelous breed of cattle.

Farming is challenging enough with all the external factors for which we have no control over however we do have control over, what we chose to farm with. I will be forever grateful that my late father discovered the Tuli breed and made the decision to farm with them. It has been a pleasure to farm with the Tuli and with careful selecting and strategic culling one can quickly build up an exceptional herd of cattle. ■



10th Annual
Production Sale
14 September 2022

Gordon & Katie Gilfillan

Home 087 808 2712

Cell 083 545 8653

Katie 082 799 4772

E gk.gilfillan@gmail.com

f [Glen Heath Tuli Stud](#)

KRUISTEEL RESULTATE

met die Tuli as basis

Casper Kriel

Dit is bykans 33 somers gelede dat ek my eerste Tuli bul aangeskaf het. Reeds van die begin was ek beïndruk met die nageslag van hierdie "Sigidi bul" by Bonsmara diere.

Eenvormig geel, met bogemiddelde groei en lekker glad van haar. My oogmerk was egter om 'n stoet te vestig en ek het nie noodwendig 'n kruisteelprogram gevolg nie. Dit ten spyte van hierdie tipe kalwers altyd die oog gevang op veilings en het ook deurlopend bogemiddelde pryse behaal.

Etlike jare gelede was daar 'n groot opbloeï in 'n ander "Afrikas" en ek, soos baie ander, het as gevolg van die aanspraak van die betrokke ras op ontsettende goeie weerstand teen veral eksterne parasiete en hulle aangepasheid onder Afrika toestande, by die ras betrokke geraak. Aanvanklik met die doel om ook 'n suiwer kudde te vestig. Met verloop van tyd het ek egter bewus geraak daarvan dat die ras se vrugbaarheid nie op dieselfde peil is as die van die Tuli nie. Die gevolg was dat ek weer Tuli bulle op die betrokke groep diere begin gebruik het.

Alhoewel nie een van die twee rasse noodwendig bekend is vir groei opsig self nie, het die heterose aspek by die kruising my nog altyd beïndruk. Baie goeie koei tot kalf verhoudings is die resultaat. Die nageslag is 'n medium tot kleiner raam dier wat hulle self uitstekend handhaaf op die veld met minimale byvoeding (lek) en ander arbeidsinsette.

Oor die afgelope 5 jaar, in 'n winterkalfseisoen, handhaaf die diere 'n koei-kalf speenmassa verhouding van ruim bo 50% op 210 dae.

Alhoewel ek toegee dat bogenoemde kalfseisoen, in ons omstandighede seker die mees optimale toestand vir kalfgroei bied, bly dit steeds, na my mening 'n uitstekende prestasie. Een van die maniere om beesvleisproduksie te optimaliseer.

Hiermee saam is dan ook 'n paar fotos met stawende feite vir die bogemelde stellings. Al die koeie in die fotos is eerste generasie kruisings (Tuli x [ander Afrikas]). Die kalwers is uit 'n geregistreerde Tuli bul. Die koeie op die fotos word reeds almal vanjaar elf jaar oud en die fotos is op dieselfde dag geneem as wat die onderskeie diere geweeg is. (Met ander woorde, ouderdom en foto stem ooreen).

Die gemelde resultate is maar net weer 'n bewys dat die Tuli 'n baie belangrike bydrae kan maak om beesvleis effektief, teen 'n lae koste en onder ekstensiewe toestande in Suid-Afrika en die res van Afrika te produseer. ■



Koeie nr 11-01 met verskalf 21-93. Moeder se massa 488kg en kalfmassa 259kg. Dus n kalfmassa tot koeimassa verhouding van 53% op 206 dae ouderdom.



Koeie nr 11-129 met bulkalf 21-89. Moeder se massa 534kg en kalfmassa 280kg. Dus n kalfmassa tot koeimassa verhouding van 52,4% op 214 dae ouderdom. (Die betrokke koei het haar kalf op hierdie stadium reeds self gespeen).



Koeie nr 11-9 met bulkalf 21-101. Moeder se massa 537kg en kalfmassa 263kg. Dus n kalfmassa tot koeimassa verhouding van 49% op 187 dae ouderdom.

Tulis Donkerhoek

Ben Raath


C 083 468 6176

E braath@isat.co.za

Britstown, Northern Cape

f Donkerhoek Tulis

Our aim is to breed functionally effective animals which are fertile, hardy and adapted to extreme conditions



www.donkerhoektulis.co.za

5th Central Tuli Group Sale | 5 May 2022 | Be Human Bloemfontein

11th Go West Production Sale | 20 October 2022 | Vleissentraal Kimberley

Winner: 2021 Stefan van Wyk floating trophy, SA StudbookTuli Herd of the year

Selection and Management of heifers and first-calf cows to improve productivity

Thokozani Ndonga

ARC-Animal Production, Irene



Photo: Langlyf Tull's

The backbone of a cow-calf production system is the selection and integration of heifers into the beef herd. The replacement heifer is the foundation of a productive cowherd, the selection of heifer and its development can greatly impact the economics of the farm operation through its genetics, future performance and longevity. A good heifer management program is an essential component in overall reproductive management and ensuring performance of the breeding herd. Good heifer management achieves early puberty, higher weaning rates, low mortalities and early identification of females for turnoff.

The objective is for only efficient first-calf cows entering the main cowherd at 3 years of age.

WHY A GOOD HEIFER MANAGEMENT SYSTEM IS REQUIRED?

Heifers suffer greater nutritional demands than cows as they are attempting to reproduce and grow simultaneously. Unless mating is well controlled, a high proportion of heifers can have their initial lactation during a dry season, because puberty can be reached at any time. Usually only well-managed heifers will conceive during their initial lactation.

The above factors result in low calf output and high mortalities. As well, inappropriate timing of initial lactation, coupled with poor nutrition, may permanently stunt heifers, thus reducing their turnoff value.

SELECTION OF HEIFERS

Focus on traits that are economically important.

A heifer has no proven track record in traits such as reproduction, ease of calving and maternal ability, therefore use all available information of her mother and, where applicable, her father and other relatives to make an informed decision at selection.

Where available, breeding values (rather than indices) should be used in selection. Use breeding values in balance with other important traits, especially functional efficiency.

GENERAL PRACTICES AND MANAGEMENT OF HEIFERS

Essentially, weight, condition and growth rate are more important than age, as this will determine the health of both cow and calf. Ensure that heifers are suited to the production environment, as first calvers have high nutritional needs. Manage heifers and first-calf cows separately.

HEIFER SELECTION PROCESS

First Selection at weaning

The traits that need consideration at this stage are the following: Wean direct breeding value; wean maternal breeding value, reproduction traits, hereditary defects, functional problems, frame size, hormonal imbalances, and temperament.

Second selection before breeding

The traits, which should be evaluated at this stage, are the following:

- Pre-wean and post-wean growth, 12-months and / or 18 months indices.

The third selection of heifers occurs when pregnancy diagnosis is made.

- At this stage, all heifers that are not pregnant should be culled.
- If more pregnant females remain than needed for replacement and/or building the herd, it can be considered to also cull the heifers that became pregnant late in the breeding season.

The fourth selection of heifers (in actual fact first-calf cows) is when they have calved. Cull all first-calf cows that had difficult calvings, considering off course that there were no other environmental factors involved, such as overfeeding, shortly before calving. Or the use of a bull that gives large calves at birth, which could have caused the high birth weights.

The final selection (of first-calf cows) takes place during the weaning season.

- Cull all first-calf cows whose calves have a low (under 90) weaning index.
- Also cull first-calf cows with a low (under 90) cow efficiency index.

BREEDING OF HEIFERS

In selecting the best time of year to breed heifers, it is recommended to synchronise lactation with the raining season to improve the chance of heifers successfully rearing calves and of re-conceiving during the first or second lactation. A heifer that calves synchronised with the raining season is much easier and cheaper to manage than one that calves out of season.

Generally, once females began to cycle, a joining period spanning over three cycles or nine weeks is required to achieve a 95% pregnancy rate. About 90% will get pregnant within a couple of cycles and 95% within three cycles. A bull to female ratio of 1:15 is recommended and the breeding bulls should have passed a Bull Breeding and Soundness Examination.

Get heifers at 65% of expected mature weight at breeding. Use short breeding season: 45 – 65 days. Breed heifers: 4 – 6 weeks before the cow's breeding season. Use proven ease-of-calving bulls on heifers.

NUTRITIONAL MANAGEMENT

Nutritional management is important so that heifers reach desired critical mating weight and are in body condition score of 3 or better at calving. Maintain adequate body condition and growth during their first lactation. A good simple approach is to manage nutrition to keep heifers well above maintenance so the skeleton keeps growing. Heifers must have access to adequate pasture, water and supplementation to keep them in the best possible condition. When heifers and first-calf cows lose condition prior to calving, their reproductive systems tend to shut down, which significantly reduces their chances of re-conceiving during lactation.

Good management of heifer nutrition starts with good pasture management and grazing management. Seasonal conditions, pasture condition, soil type, stocking rates, land condition, and grazing management all greatly affect pasture quality and quantity. Both pasture quantity and quality are important because both affect consumption of dry matter and hence the nutritional status of the animal. Additional nutrients may be required to enable pregnant heifers to cycle again following calving. Supplements may be necessary to correct major mineral deficiencies, which can impact significantly on feed intake, growth rates and fertility.

GENETIC IMPROVEMENT

Both age of puberty and weight at puberty are highly heritable. This means genetic progress can be made in these traits. Sire-effects alone can account for variations of at least 100kg in weight of puberty of female puberty. Additionally heifers that conceive early in the breeding period can be identified and recorded for future reference.

There is a genetic correlation between scrotal size in bulls and age of puberty in their daughters. Objective selection of bulls with above breed average scrotal size EBVs will assist in making genetic progress.

Selection and management of heifers and first-calf cows is critical for high reproduction rate, age at first calving, immediate re-conception, continuous reproduction, easy calving, high weaning weights and low calf mortalities. ■

Acknowledgements:
"Beef cattle management" Study guide 2016, ARC Animal Production
<https://futurebeef.com.au/knowledge-centre/heifer-and-breeder-management/>

PUIK DIENS

STEUN ONMISBARE PRODUK

“Wat FarmRanger van soortgelyke produkte onderskei is hul uitstekende diens. Ek kan nie genoeg beklemtoon hoe goed en vinnig FarmRanger is nie. Dit is absoluut fantasties om sake met hulle te doen,” sê Mientjie Rajchrt.

Sy boer met tussen 150 en 200 koeie en kalwers (afhangend van die tyd van die jaar) in die Lothair-distrik van Mpumalanga, terwyl haar broer Karel, in die Bronkhorstspruit-omgewing ook met beeste boer.

As voorbeeld van FarmRanger se goeie diens vertel Rajchrt dat Philip Lötter haar geskamel en laat weet het dat 'n nuwe nekband gereed is vir aflewering slegs een dag nadat sy dit bestel het.

“Die nekbande word ook een keer per jaar deur hulle gedien. Die diensproses word binne 'n paar dae afgehandel - vanaf die tyd dat ons dit van die dier afhaal, wegstuur na FarmRanger se kantore en dit weer terug ontvang,” verklaar sy.

Besluit om vee te beskerm

Rajchrt se familie het voorheen met beeste asook skape in die Chrissiesmeer-distrik geboer. Ongeveer nege jaar gelede het hulle 500 skape in slegs een jaar verloor as gevolg van veediefstal. Ten tye van dié vlag van veediefstalinsidente het hulle nie van FarmRanger gebruik gemaak nie.

“Ons het toe van FarmRanger gehoor en besluit om 'n nekband vir die skape te koop. Dit was nog een van die ou modelle wat nie met GPS-funksionaliteit toegerus was nie. Nadat ons die nekband gebruik het, het die aantal veediefstalvoorvalle verminder en dit het elke keer verhoed dat ons enige diere verloor het.”

“Oor die jare het ons meer nekbande aangekoop en ook op ons beeste begin gebruik. Al die ou nekbande is met nuwe modelle vervang wat met GPS-opsporingtoestelle toegerus is. Ons het intussen na die Lothair-omgewing verhuis en boer nou slegs met beeste waar ons een FarmRanger-nekband vir elke trop van 50 koeie gebruik,” voeg sy by.

Opvolg van alarms

Rajchrt beklemtoon die belangrikheid om elke alarm te ondersoek en dan te besluit hoe om verder op te tree. “Indien jy 'n alarm ontvang, moet jy dit ondersoek omrede dit nie onnodig sal aangaan nie. Wanneer die alarm op my selfoon aangaan, aktiveer ek die uitgebreide opsporingfunksie om die beweging van die betrokke trop vir die volgende 30 minute dop te hou.”

“Deur die diere se beweging te monitor en hul gewoontes aan te leer kan ek vasstel of hulle slegs rusteloos is of wanneer dit 'n ernstige insident is wat ondersoek moet word. Dit is maklik om die onderskeid te tref.”

“Wanneer hul aangejaag word, word die rigting waarin hulle beweeg deur 'n lang rooi streep op die Google-kaart vertoon. Sodra ons dié patroon sien, gaan ons dadelik na hul ligging om verliese te voorkom,” verduidelik sy.

FARMRanger
LIVESTOCK SECURITY COLLARS

Advertorial



Mientjie Rajchrt by haar kudde

Produksieverliese kom voor deurdat diere wat positief vir brusellose toets, geslag word. Bykomende finansiële verliese word gely a.g.v.

1. Koste van 'n aborsie
2. Koste van perinatale mortaliteit
3. Koste van tydelike onvrugbaarheid
4. Verlengde tussen kalf periodes
5. Koste van vervanging suiwelkoeie
6. Koste van vervangingsbulle
7. Koste as gevolg van die mortaliteit van sero-positiewe koeie
8. Melk en vleis produksieverliese
9. Veeartseny kostes

(Inligting verskaf deur Dr.Chris van Dijk, dairyvetza@outlook.com)



Siektetekens

Dragtige koeie en verse wat vir die eerste keer besmet word en geen weerstand (immunitet) teen die siekte het nie, aborteer meestal op 4 tot 7 maande van dragtigheid. So 'n fetus is dikwels haarloos en ongeveer 30 tot 40 sentimeter lank. Volwasse, dooie kalwers kan ook gebore word. Swak kalwers kan ook voorkom. In enkele gevalle kan besmette diere vir 'n tweede keer aborteer, maar dit is seldsaam. Na so 'n aborsie sit die nageboorte gewoonlik vas.

Tydlike onvrugbaarheid na 'n aborsie asook mastitis (uierontsteking) kom ook soms voor. Chroniese besmette diere kan 'n kniegewel of higroom ontwikkel. Koeie wat draers van brusellose is, toon geen tekens van die siekte nie en kan jaarliks normaal kalf. Die gevaar bestaan egter dat sulke koeie die siekte oor 'n lang tydperk van jare kan dra en na ander diere versprei. Besmetting in bulle is seldsaam en van minder belang.



1. Die mens word ook besmet met brusellose deur die drink van besmette rou melk van beeste wat nie gepasteuriseer of UHT behandel is nie (Foto: IDT)

2. By besmette koeie kom 'n agtergeblewe plasenta (nageboorte) dikwels voor. Met die geboorte van die kalf word die omgewing met bakterieë besmet omdat die nageboorte en geboortevog miljoene bakterieë bevat (Foto: Dr JH du Preez)


3. Gesonde beeste (diere) raak ook besmet deurdat hulle aan die besmette nageboorte ruik, lek of vreet, of gras vreet en water suip wat besmet is (Foto: Dr JH du Preez)

4. Geaborteerde fetus van 'n koei weens brusellose (Foto: OVI)

5. & 6. Net diere wat negatief getoets het vir brusellose moet in 'n bestaande, negatiewe (skoon) kudde ingebring word (Foto: Dr JH du Preez) →



Tuli based genetics have consistently shown higher PD's. Udder uniformity and teat size have played a significant impact which the Tuli breed is renowned for.



NTUNTENI

Doug Follwell

E neeks@zol.co.zw C +263 71 220 6561

SIEKTE IN MENSE

In mense staan brusellose as Maltakoors of wisselkoors bekend. Wisselkoors word deur *Brucella abortus bovis* veroorsaak en Maltakoors word deur *Brucella melitensis*, wat in bokke voorkom, veroorsaak.

Oordraging

Mense raak besmet deur een van die volgende:

Inneem van rou melk, roomys, botter en kase wat besmet is.

Eet of hantering van besmette rou of half gaar vleis, biltong of vleisprodukte. Hierdie risiko is klein omdat die brusellosekiem nie hou van droë warm omgewings nie. As die dier in 'n abattoir geslag en gehang word (die pH verlaag) is die risiko van brusellose minimaal.

Deur aanraking en hantering van 'n besmette dooie of lewende kalf, baarmoedervloestof of nageboorte of bulstring.

Veral as hulp verleen word met 'n moeilike geboorte of verwydering van 'n dooie kalf is die gevaar van besmetting groot.

Toevallige naaldprikke wat die entstof bevat, of storting en sproei van Stam 19 of RB 51 entstof op die slymvlies van die oog of mond asook oop wonde.

As besmette materiaal ingeneem word (melk, vleis, vleisprodukte, bitong) of op slymvliese te lande kom (baarmoedervloestof of vloestof van kalf) kan die persoon besmet word. So 'n besmetting kan deur die oë, mond, neusholte of selfs deur die vel geskied en brusellose veroorsaak.

Simptome

Die skrywer is reeds langer as 40 jaar met die siekte besmet. Ongeveer twee weke na die besmetting plaasgevind het, het die eerste akute aanval begin.

Koors: Die hoogste koors met gloede van die hele liggaam asook sweetuitbarstings kom veral in die nag voor. Die ergste aanvalle kom tussen 22:00 en 01:00 die volgende oggend voor. Gedurende die oggend en voegmiddag van 07:00 tot 14:00 is daar gewoonlik geen koors nie.

Spierpyne a.g.v. spierontsteking veral in die kuite en bobene.

Gewrigsontsteking en pynlike gewrigte. Veral die knieë en hande is pynlik en geswel.

Hoofpyn: Dit is nie 'n gewone hoofpyn nie, maar wel 'n baie skielike en erge steekhoofpyn op 'n gelokaliseerde plek. Dit hou nie lank aan nie, maar dit voel asof 'n lang spyker in jou kop ingeslaan word. Dit verdwyn gewoonlik binne 'n minuut en kan selfs net 'n paar sekondes duur.

Moegheid: 'n onbeskryflike moegheid kom dikwels voor. Dit duur dikwels baie lank – enigiets van een week tot 6 maande.

Verswakking en spierswakheid: dit word soms so erg dat 'n persoon nie meer kan werk nie.


Gewigsverlies en chroniese diarree: 'n persoon kan binne enkele weke tot 'n maand enigiets van 3 tot 10 kg. massa verloor.

Depressie: verlies van belangstelling in die lewe. So 'n aanval kan van 'n paar dae tot maande duur.

Slapeloosheid: 'n persoon word dikwels wakker in die nag (veral tussen 22:00 en 24:00) en kan nie slaap nie of slaap sleg.

Eetlus: eienaardig genoeg word die eetlus nie aangetas nie.→

- ✓ Koors
- ✓ Spierpyne
- ✓ Gewrigsontsteking en pynlike gewrigte
- ✓ Hoofpyn
- ✓ Moegheid
- ✓ Verswakking en spierswakheid
- ✓ Gewigsverlies en chroniese diarree
- ✓ Depressie
- ✓ Slapeloosheid



Bogenoemde simptome word dikwels met die van gewone griep verwar en 'n korrekte diagnose word in baie gevalle nie betyds gemaak nie. Die meeste akute gevalle gaan binne 'n maand of twee verby. In 'n groot persentasie van pasiënte ontwikkel chroniese (langdurige) besmetting met min of meer die volgende simptome:

- Spier en gewrigspyne
- Erge moegheid met 'n tipiese patroon. Gedurende die oggend en vroeë middag voel die persoon normaal. Vanaf ±15:00 tot laat in die nag is die moegheid erg. Dit herhaal daaglik en kan maande of selfs jare aanhou.
- Spierverswakking: 'n normale lewe is dikwels nie meer moontlik nie.

Behandeling

Indien die siekte vroeg gediagnoseer en behandel word, kan die pasiënt herstel. 'n Diagnose word d.m.v. 'n positiewe bloedtoets bevestig. Ongelukkig is dit 'n feit dat baie geneesherre nie die siekte herken nie of weinig kennis daarvan dra. 'n Diagnose word in sulke gevalle nie gemaak nie. Behandeling bestaan uit die toediening van verskeie antibiotika tesame met anti-inflammatoriese middels, pynstillers en multivitamienes. Antibiotika word deur die mond toegedien vir 3 tot 4 maande terwyl binne-aarse middels vir vyf agtereenvolgende dae tesame met aarvoeding toegedien word. In chroniese gevalle word die behandeling herhaal indien tipiese simptome ervaar word. RB51 entstof as 'n oorsaak van brusellose in mense kan nie met gewone bloedtoetse opgespoor word nie – en reageer nie op gewone behandeling nie – laat jou dokter weet as jy 'n vermoede het dat RB51 die oorsaak van infeksie kan wees.

Nagevolge

In ernstige gevalle mag dit nodig wees om die pasiënt vir 'n lang tydperk siekteverlof toe te staan. In sommige gevalle is dit selfs raadsaam om af te tree of van werk te verander. Hierdie siekte met sy nagevolge kan dus 'n persoon se hele lewe en loopbaan verander of kortknip.

Voorkoming

Beeste word d.m.v. 'n bloedmonster getoets. Wanneer daar 'n vermoede is dat die siekte in 'n kudde voorkom, word die volgende prosedure gevolg:

Toets alle diere ouer as 18 maande op die plaas. Positiewe diere word met 'n C op die nek gemerk. Laat slag alle positiewe reageerders so gou moontlik (onder 'n Rooikruis Permit). Toets die kudde elke twee maande totdat twee negatiewe toetse verkry is. Toets weer ses maande later en daarna jaarliks. Indien volwasse koeie aangekoop word, moet hulle eers getoets word. Brusellose is 'n Staatsbeheerde siekte.

Gebruik die beskikbare entstowwe (Brucella Stam 19 en RB 51) en dien hulle volgens voorskrif toe. Wanneer diere aangekoop word, kry eers 'n verkopersverklaring dat die diere uit 'n gesertifiseerde brusellose vry kudde afkomstig is. Kwarantyn die diere en toets hulle weer. Verse moet afsonderlik aangehou word totdat hulle gekalf het. Verse word getoets as hulle 4 tot 5 maande dragtig is en dan weer as hulle gekalf het.

Mense

Moet nooit verdagte besmetlike materiaal soos dooie kalwers, lewende swak kalwers of vrugvliese sonder handskoene of oogbeskerming hanteer nie.

Moet nooit rou melk van onbekende ongetoetste kudde drink nie.

Onthou:

'n Brusellose besmette vers, koei, dooie kalf of rou melk is 'n TYDBOM en kan jou lewe drasties verander of totaal verwoes! ■

Geskryf deur dr. Frans. Banting, Veearts en vertaal deur drs. Faffa Malan en Sewellyn Davey (sewellynd@gmail.com)

Inligting oor soönotiese siektes is van die uiterste belang vir die gesondheidstatus van die mensdom

Dieresiektes en die mens - Soönoses (ISBN: 978-1-920335-80-9)
Verkryging van boek: Dr J H du Preez: drjanh.dupreez@gmail.com
Webwerf: www.zoonoses.co.za



Comprehensive herd management programme – from mating to marketing

Endorsed by 19 SA Breeders' Societies



- All-in-one on-farm management information system
- Modules for beef, sheep, goats, game, pigs and genetics
- Equally suitable for commercial and stud herds
- Afrikaans and English language options
- Install on more than one computer at no additional costs
- Use for more than one herd at no additional costs
- User-friendly menu, shortcuts and step-by-step Help functions
- Comprehensive user-defined management calendar and diary
- 50+ standard and user-defined reports for easy selection, breeding, management and marketing
- Various reproduction and performance testing – related calculations and reporting
- Easy electronic data sending and importing of all animal registration data, weights and breeding values to/from SA Stud Book, ARC, BreedPlan & NSBA



BENGUFARM MOBILE NOW AVAILABLE

- > Lookup and capture data in the field on your Android phone or tablet, iPhone or iPad.
- > Define data capturing tasks to suite your preferences.
- > Full integration with compatible EID readers.
- > Synchronise data with BenguFarm on your PC.

www.bengufarm.co.za

Contact Leslie Bergh: Tel +27 82 801 2026 // Email bengufarm@gmail.com

Johan de Jager: Tel +27 083 305 1042 // Email jjager@mweb.co.za

My pa het my altyd gewaarsku teen die 'boekwerk' van stoetboerdery. Met **BenguFarm™ BEEF** is hierdie frustrerende 'boekwerk' egter omskep in 'n magtige bestuursprogram. Ek is seker dat as ek my pa kon wys hoe maklik kuddebestuur nou is, hy sou saamstem dat die **BenguFarm™ BEEF**-sagteware seker die handigste stuk gereedskap op enige beesplaas is – stoet en kommersieel.

Mnr. Gerrit van Zyl, Hanzyl Bonsmaras, Dewetsdorp

NASIONALE WENNER: LNR-ABSA VLEISBEESKUDDE VAN DIE JAAR 2009 & 2011 & VOERMOL NATIONAL BEEF CATTLE FARMER OF THE YEAR 2012

Agter elke boer ...

Ons is almal bekend met die gesegde van "Agter elke suksesvolle man is daar 'n vrou wat hom steun" maar ons weet ook dat agter elke suksesvolle boer is n bewame voorman. Hierdie jaar stel ons u graag voor aan Stoffel van Donkerhoek Tuli's en Johannes van Ganna Tuli's.



JOHANNES MOTAKI

Wie is Johannes Motaki?

Johannes is gebore op 4 Maart 1974. Hy het skool gegaan tot Graad 6 op Boshof. Die 14de September 1994 begin hy werk by Ganna Aar Tuli's van Giel van Niekerk en is vanaf 2010 voltyds betrokke by die Tuli stoetery. Vandag is Johannes Giel se regterhand.

"Ek het jare terug met skape en bokke gewerk en toe met Bonsmaras. Ek hou van die Tuli's waarmee ons nou boer, want dit is 'n lekker ras om mee te boer. Hulle het nie kalf probleme nie en hulle temperament is baie goed. Omdat die Tuli's 'n poena ras is, is daar min werk wat ons met hulle doen".

Johannes ken elke bees op die plaas en weet presies waarvandaan hy kom. Wanneer ek inspeksie doen by Giel moet Johannes altyd die drie laaste beste punte gee, iets wat hy uitstekend doen. Tydens die onlangse boeredag vir opkomende boere in Kimberley het hy saam met my die bespreking van die Tuli's gedoen. Sy kennis van beeste, maar veral sy Tuli's waarvan hy in beheer is verstommend.

Johannes gesels verder, "Wanneer daar beeste uitgesoek word is oom Charl nie altyd tevrede met wat ek vir hom wys nie. Dan as ek tyd kry neem ek 'n foto van ons beeste of mooiste koei met 'n top kalf en dan stuur ek dit vir oom Charl. Ek het 'n goeie klomp manne wat saam met my werk op die plaas. Ons merk die kalwers na geboorte en doen al die wegings. Ek hou daarvan as oom Charl inspeksies kom doen, want ek het al baie by hom geleer. Wanneer ons beeste veilings toe vat is ek in beheer van die reëlins, versorging van die beeste en ek sorg dat hulle veilig is. Ek ken al die telers wat op die veilings kom en dit is altyd lekker om nuwe plekke te sien. "

Johannes is nie iemand wat baie praat nie. Sy houding en persoonlikheid is egter van so 'n aard dat hy groot respek afdwing met elkeen wie hy te doen kry. Dit kom dus nie as 'n verrassing om te hoor dat Johannes deelyds betrokke is by die Zion kerk as Kapelaan en hou Sondae kerk in die omgewing. ■ (Saamgestel deur Charl van Rooyen)



STOFFEL HOORNIET



Stoffel Hoorniet is al deel van Donkerhoek en sy mense, sedert 2006. "Hier het ons net met skaap en 'n paar beeste geboer, vertel hy. In 2008 het mnr. Ben Raath die eerste Tuli's aangekoop. Op daardie stadiuim het ek maar min van beeste geweet. Vandag kan ek eerlik se, is ek baie liewer vir die Tuli's as vir die skape, se hy met so skewe glimlag".

Stoffel is gebore in die Bristown-distrik. Hy is getroud met Lena en hulle het 2 seuns, Dawid en Wimpie. Sy goeie sin vir humor en vriendelikheid, is om net twee van sy vele goeie karaktereenskappe te noem. Die meeste Tuli telers het al vir Stoffel op boeredae/landboutoonstellings ontmoet en knoop altyd geselsies met hom aan, vanwee sy geaardheid.

"Die grootste hoogtepunt in my lewe, was sekerlik die dag toe 'n bul van Donkerhoek, naamlik Bushwacker, die Vleissentraal/SA Stamboek Elite bulgroeitoetsklas kompetisie, tussen 17 vleisbeesrasse in 2018 gewen het. Die aand voor die kompetisie, was Bushwacker baie onrustig. Om 'n ogie oor hom te hou, het ek langs hom in sy stal geslaap". Dit spreek boekdele oor sy passie en liefde vir diere! Hy was ook daardie dag as die beste touleier aangewys en het met die prysgeld wat hy ontvang het, vir sy kar 'n nuwe battery gekoop. Die mak maak van die bul was vir hom baie senutgerend, omdat hy dit nog nooit vantevore gedoen het nie. Na baie gesukkel en sweet, het daar eendag 'n boer 'n bul op Donkerhoek kom koop en met Stoffel begin gesels. Hy vertel hom toe die "groot geheim" oor hoe om 'n bul se vertroue te wen. As jy vir Stoffel vra wat dit is, lag hy net so skaam en vryf oor sy gesig! Bloem-skou was vir hom 'n belewenis. "Om tussen 17 ander bulle te stap, laat jou hart maar vinnig klop", sê Stoffel. Dit was ook op daardie stadium die verste wat hy nog ooit van die huis af weg was.

"Ek het al baie in my lewe op Donkerhoek by mnr Ben Raath van beesboerdery en stoetteling geleer. Binne drie dae na geboorte, moet die kalwers se geboorte gewigte geneem word. Van die koeie is maar kwaai as die kalfies so klein is, dan moet 'n man maar versigtig wees. Dit is ook goed, want hier het nog nooit 'n jakkals 'n kalf gevang nie. Dan word daar ook 'n oorkode/nommer in die kalf se oor geknip. Ek kan dit nog nie lees of verstaan nie, dit lyk maar vir my net soos knippe! Dan weeg ons hulle weer met speen, twaalf en agtien maande. Met speen, neem ons ook die koei se gewig om die koei-kalf speenverhouding te kan bepaal.

Alle jong bulle word op ongeveer 'n jaar ouderdom, vir ses maande op 'n plaasgroeitoets op die veld gesit. Dan word hulle een keer per maand geweeg om sy groei te kan bepaal. Aan die einde van die toets, kom mnr Siebert Vermeulen van SA Stamboek om die toets af te sluit en skandeer ook al die bulle om die vleiseienskappe te kan bepaal. Vanjaar moet daar weer 'n bul van Donkerhoek met die naam "Redbull" Bloemskou toe gaan, vir dieselfde kompetisie.

Hier werk ons met beeste, soos skape. Hulle word getoets vir vrugbaarheid, dragtigheid, ens. Ons doen alles met hulle. As hier los manne kom werk, spot ek altyd met hulle en se ons moet vandag beeste omkeer en bosluise dokter!"

Hier was ook al 'n keuringskursus op Donkerhoek aangebied. Met ons jaarlikse keuring is dit altyd vir my interessant hoe die mense na die diere kyk en hulle bespreek. Mnr Charl van Rooyen vra my ook altyd wat ek dink. Dit is lekker om meer van diere te leer.

Ek het nooit gedink jy kan so met beeste in die Karoo boer nie. Tuli's is baie goeie beeste. Met die droogte het dit maar swaar gegaan. Alle boere in die distrik wat met ander rasse geboer het, het hul beeste verkoop. Baie boere het ook skape verloor. Wat ek nogal opgemerk het, is dat die groter koeie, die swaarste gekry het. Hulle het ook nie bul gevat nie. Ons het hulle sommer weggelaai.

Vanjaar het die Koning vir ons goeie reën gegee en is die diere moddervet. Net die springkane gee vir ons probleme, maar ons spuit hulle!

Ek is die voorman hier op Donkerhoek. As my werkgewer met vakansie of iewers heen gaan, gee hy vir my sy huis en bakkie sleutels. Dan moet ek sorg dat alles reg is, as hy terugkom. Dan kos dit nou vir jou rondstaan!

Stoffel se boodskap aan ander is: as jy met iets toevertrou word, hanteer dit met soveel verantwoordelikeheid en respek, asof dit aan jouself behoort. ■ (Saamgestel deur Ben Raath)



Tuli Kudde van die jaar

Tydens die Tuli Beestelersgenootskap dinee op 2 September 2021 is Ben Raath van Donkerhoek Tuli aangewys as die wenner van die Stefan van Wyk wisseltrofee vir die Tuli kudde van die jaar. Ben was ook die wenner in 2019. Baie geluk Ben!

Stefan van Wyk was wyd bekend in die hele landbougemeenskap en was betrokke by Pro Agri.

This award is calculated according to SA Studbook Elite Herd competition criteria. A third of the points are awarded for data recording, a third towards fertility within the breed and days since last calf and the other third to the average cow values of the bulls and the female animals.



Wyle Stefan van Wyk se dogters Charne (links) en Ilane oorhandig die trofee aan Ben Raath.

Tulis
Donkerhoek

Elite Streektoekennings

Baie geluk aan lede met Elite Kudde toekennings:

GOUD

- Ed Clark - HBH Tuli's
- Ben Raath - Donkerhoek Tuli's

SILWER

- Cornelis Rautenbach - Nonnie Tuli's
- Christo Rothman - Bushmans Mountain Tuli's
- Albie Rautenbach - Langlyf Tuli's
- Gordon Gilfillan - Glen Heath Tuli's

BRONS

- Werner Gouws - Gouwsberg Tuli's
- Dave Mullins - Avondale Tuli's
- Herlu Rautenbach - Caroll Tuli's
- Jim Bredenkamp - Wolhaarkop Tuli's



Platinum Elite Cow

Die Elite Platinum Koei toekennings gee erkenning aan vleisbeeskoeie wat uitstaan in hulle genetiese meriete om winsgewende nageslag te teel.

Dit is koeie met bewese rekords maar ook uitsonderlike teelwaardes wat kwalifiseer. Slegs een koei per ras mag 'n toekenning kry.

We are proud to announce that Ed Clark from HBH Tuli's bagged this prestigious award. HBH 08 0079 had been awarded the Landbouweekblad/SA Stamboek Elite Platinum Cow award for 2022.

Congratulations!

HBH 08 0079
HBH Tuli's



Beste koeiwaarde (kuddes met 20 vroulike diere plus)

- 1ste Nonnie Tuli - Cornelis Rautenbach (109.8)
- 2de Glen Heath Tuli - Gordon Gilfillan (108.1)
- 3de Zweibach Tuli - Coenraad Slabber (107.5)

Herd with the best ICP with days last calf less than 500 days and with herds with 20 and more female animals.

- 1st Nonnie Tuli - Cornelis Rautenbach (361 days)
- 2nd Langlyf Tuli - Albie Rautenbach (367 days)
- 3rd HBH Tuli - Ed & Russel Clark (370 days)

Tuli kudde met die meeste toekennings aangeteken op Logix.

Winner HBH Tuli - Ed & Russel Clark (5 Goud, 1 Silwer, 3 Brons)

Tuli herd with the highest percentage of bulls born, that participated in a farm growth test.

Winner Donkerhoek Tuli's - Ben Raath (72%)

Kudde met minimum 3 bulle in Voerinname toets met die beste gemiddelde voeromset van alle bulle getoets.

Winner Tiptree Tuli's - Stephen Mains-Sheard (5 bulls tested with average FCR of 5.63kg:kg)

Breeder of the bull with the best feed conversion ratio in a Feed intake test.

Winner Tiptree Tuli's - Stephen Mains-Sheard (Bull TT 170053 with FCR of 4.97kg:kg)



R12 0208
Langlyf Tuli's

ARC National Best Elite Cow Awards

(Sponsored by Farmer's Weekly)

Participating cows should exhibit exceptional reproduction figures and other economically important traits such as maternal ability and pre-weaning growth rate (weaning weight). Only one cow per breed will be crowned as the top female for the breed.

Congratulations to Albie Rautenbach from Langlyf Tuli's who's cow R12 0208 was selected as the winner.→

Vleissentraal-SA Stamboek ELITE Bulgroeitoetsklas

DKH190011 van Ben Raath (Donkerhoek Tuli's) is vanjaar genomineer vir Vleissentraal-SA Stamboek Elite Bulgroeitoetsklas kompetisie wat sal plaasvind by die Bloemskou op 2 Mei 2022.

Die kompetisie is 'n vertoonvenster vir elke ras, waar bulle op grond van hul bewese prestasie, genetiese meriete vir ekonomies belangrike kenmerke en funksionele voorkoms kwalifiseer om teen mekaar in die ring mee te ding.

Ons hou duim vas, Ben!



DKH190011
Donkerhoek Tuli's

NEWS

Founding of the

Tuli Cattle Federation of Southern Africa (TCFSA)

Dave Mullins

During late November 2021 a very exciting event took place in Johannesburg, which saw the official launch and first General Assembly of the TCFSA.

The African Union through its Agricultural Development Agency AU-IBAR, and an interim committee facilitated the assembly and the launch of the Tuli Cattle Federation of Southern Africa.

The national breed societies of Zimbabwe, South Africa, Zambia and Namibia were supported under the AU-IBAR project "Strengthening the capacity of African countries to conservation and sustainable utilization of African Genetic Resources". This is a genetic project. To this end AU-IBAR has identified the Tuli as the African breed to further this ambitious project.

The assembly drafted the TCFSA constitution, elected the council and developed an action plan to map the way forward and to identify projects to help achieve the TCFSA and AU-IBAR core goals.

The council consists of two representatives from each of Zimbabwe and South Africa and one each from Zambia and Namibia. The governments of each country also have a representative as well as a livestock research representative from each member country. The first president of the TCFSA is Mrs. Anne Cooke of Zimbabwe where the Tuli Breed has its origins.

A website is currently being developed and relevant key projects are being identified with a view to these projects being launched in early 2022. A genetic evaluation project and a series of farmer/information days are being planned for the member countries, with a view over time to expand these initiatives throughout the SADC region.

The importance of Tuli cattle in the region cannot be overemphasised. Tuli cattle are highly adapted to the environmental and climatic conditions of the area. They thrive in sub-tropical heat, high mountain country as well as the extremely arid areas of South Africa, Namibia and Botswana. Their fertility, longevity and easy care make them the ideal choice to improve the cattle of the region.

The TCFSA has only been in existence for a few months and already there is a vibrant and enthusiastic exchange of information taking place between breeders of the member states. In addition breeders in Australia, the USA and South America have made contact with the TCFSA with a view to becoming actively involved.

This is very good for the breed and augers well for the future, not only of the breed but Tuli breeders from all over the globe. ■

Delegates at the launch of the Tuli Cattle Federation Southern Africa (TCFSA)





VEEHANteringSTOERuSTING
LIVESTOCK HANDLING EQUIPMENT
www.algar.co.za algar@algar.co.za



JAY-LOR
Self-Propelled
MINI TMR
MIXERS now
available

0823246256
FACEBOOK/AlgarVeetoerusting



Algar – the efficient work kraal

Auction results 2021

Landbou weekblad

RAS BELEEF REKORDJAAR

Landbouweekblad
6 Jan 2022

Veilingpryse in 2021 was die hoogste in die 26ste bestaansjaar van die Tuli Beestelersgenootskap.

Mnr. Charl van Rooyen, rasadviseur van die genootskap, skryf dit toe aan die toenemende gewaarwording onder telers dat produksiekoste uiters belangrik in beesboerdery is. "Vandaar die groot belangstelling in die Tuli as die winsgewende veldbees."

Die vraag na vroulike Tuli-beeste is baie groot en dit is moeilik om in die vraag te voorsien.

Enkele van die Tuli-veilings het die vraag na die ras duidelik getoon. Die duurste bul op die produksieveiling van die Rautenbach-broers, Albie en Cornelis van Reitz, is vir R170 000 verkoop. Bulle het gemiddeld R82 400 behaal.

Die gemiddelde prys vir kommersiële bulle was R73 000.

Op die Tip Tree/Avondale veiling op Makhandia het die duurste bul R130 500 behaal, die duurste koeie met kalf R32 000 en dragtige verse R30 000.

Die duurste bul van mnr. Ben Raath van Donkerhoek, Britstown, het R125 000 op die Go West-veiling in Kimberley opgelewer, terwyl die duurste koeie R40 000 en die duurste nie-dragtige vers R38 000 gekos het.

Die duurste bul op die veiling van HBH-Tuli's van mnr. Ed Clark by Dordrecht het R110 000 behaal. Die bul is deur Alpha & Omega Tuli's van Burgersdorp gekoop.

Die duurste bul op die Glen Heath veiling (Middelburg, OosKaap) van mnr. Gordon Gilfillan het R125 000 behaal.

— JOHAN NORVAL

Sentrale veiling

Geregistreerde diere (Gemiddelde pryse)	Kommersiële diere (Gemiddelde pryse)
Bulle: R42 187	Koei en kalf: R20 777
Koei en kalf: R24 500	Dragtige koeie: R19 153
Dragtige koeie: R20 142	Dragtige verse: R17 792
Oop verse: R15 750	Oop verse: R14 250

HBH

100% van die diere het verkoop.

Bulle (Gemiddelde prys): R58 334
Hoogste Prys op Lot 32 R110 000 aan Alwyn Marx, Harm Marx en Gert Schmidt van Alpha & Omega Tuli Stoet.

Dragtige Koeie (Gemiddelde prys): R30 350
Hoogste Prys Lot 60 R36 000 Fritz Walter

Oop Verse (Gemiddelde prys): R27 200
Hoogste Prys Lot 66 en Lot 69 R32 000 Fritz Walter en Brad van der Riet.

Glen Heath

Bulls (18 sold)
Average R 56 833
Highest R 125 000 bought by Dave Mullins (Avondale Tuli's)

Registered heifers (8 sold)
Average R 22 225
Highest R 27 000 bought by Lucas Robertson

Registered cows (15 sold)
Average R 30 333
Highest R 36 000 bought by Fritz Walter

Commercial cows (6 sold)
Average R 21 333



Most expensive bull: GH 19-09
R 125 000

GO WEST

Geregistreerde diere (Gemiddelde pryse)

Bulle: R55 142
Dragtige koeie: R25 142
Dragtige verse: R23 714
Oop verse: R20 208

Kommersiële diere (Gemiddelde pryse)

Bulle: R33 000
Dragtige koeie: R24 000
Dragtige verse: R22 000
Oop verse: R19 650

Duurste bul: R125 000
Lot 10, DKH180134 (Donkerhoek)
Verkoop aan Casper Kriel van Casman Tuli's

Duurste koeie: R40 000
Lot 23, SW110021 (Acacia Mountain)
Verkoop aan Cornelis Rautenbach van Nonnie Tuli stoet



Duurste bul: DHK180134
R 125 000

Duurste dragtige vers: R27 000
Lot 29 GA190282 (Ganna)
Verkoop aan Sunset Beach Trading

Duurste oop vers: R38 000
Lot 35, HBH190078 (HBH Tuli stoet)
Verkoop aan Crossway Farms



Duurste bul verkoop aan Casper Kriel
R 170 000

Langlyf & Nonnie

10 Stoet bulle verkoop teen n gemiddeld van R82 800
13 Kommersiële bulle verkoop teen n gemiddeld van R70 100
Dragtige koeie verkoop teen n gemiddeld van R21 700
Oop versies verkoop teen n gemiddeld van R18 300

Alpha & Omega



Colin Raath (koper van duurste bul), Gert Jordaan (Afslaer), Harm Marx, Alwyn Marx (Verkoper) en Gert Schmidt (Vennoot)

Duurste bul verkoop aan Colin Raath van Acacia Mountain Tuli's vir R110 000

Geregistreerde diere (Gemiddelde pryse)

Bulle: R 50 016
Koeie: R 17 815
Koei en kalf: R19 700
Dragtige koeie: R20 000
Dragtige koeie + kalf: R24 000
Verse: R14 842

MEMBERS LIST / LEDELYS

South Africa / Suid-Afrika

GAUTENG

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Werner Gouws	Gouwsberg	G	Bronkhorstspuit	082 853 4483	werner@gouwsbergtulis.co.za
Dr Coenraad Slabber	Zweibach	Z	Bronkhorstspuit	082 416 3853	cslabber64@gmail.com
Callie Barnard	Rust-de-Winter	C	Pretoria	082 561 5216	pinz@telkomsa.net
Vivien Peche	Vivi	VS	Vanderbijlpark	084 246 0268	vivienpeche@hotmail.com
Dr Petrus Engelbrecht	Rentz	PGE	Magaliesburg	072 104 2239	petrus.rentz@gmail.com

NORTH WEST NOORD-WES

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Pieter Ernst	Bona Bona	BBT	Wolmaranstad	082 925 3662	ernstpf@gmail.com
Herlu Rautenbach	Carroll	CT	Lichtenburg	083 266 7231	herlu.rautenbach@gmail.com
Stephané Roos	Roos	ZSAR	Schweizer-Reneke	083 306 6002	steph_roos@hotmail.com
Ernst Grobbelaar	Sandveld	EAG	Lichtenburg	083 656 4992	ernstg@mweb.co.za
Pietie & Lizelle Labuschagne	Abella	LL	Stella	072 564 6861	nwtowing@vryburg.co.za
Antonie Camacho	Baobab	BT	Lichtenburg	084 952 4953	baobab.tuli@gmail.com

NORTHERN CAPE NOORD-KAAP

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Ben Raath	Donkerhoek	DKH	Britstown	083 468 6176	braath@isat.co.za
Leslie & Kevin Cook	Amelia	V	Douglas	076 617 6471 082 806 4146	lcook.kmb@gmail.com kevinc@vectotrade.co.za
Jim Bredenkamp	Wolhaarkop	VAS	Postmasburg	083 679 7333	jimbredenkamp@gmail.com
Willem Pretorius	Orangeview	OV	Hopetown	083 236 8139	willemoranje20@gmail.com
Helena Malherbe	Malu	ML	Kimberley	083 261 3106	helenam@malupork.com

WESTERN CAPE WES-KAAP

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Uys Willemse	Trumps	UW	Heidelberg	082 787 5831	uyswillemse@gmail.com
Lucas Robertson	Pelu	PELU	Caledon	072 614 4403	lekkerdroom@gmail.com
Graeme Lucas-Bull	Narina	GLB	Plettenberg Bay	083 375 1560	graeme@narinaestate.com

LIMPOPO

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Merensia Groenewald	Bosveld Bosfontein	MG	Polokwane	082 255 6173	Merensia31@gmail.com
Charles Pieterse	Wildrock	WR	Louis Trichardt	084 444 0306	charles@lawproc.com

MPUMALANGA

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Paul Grobler	Grobbersrust	PG	Belfast	082 572 0362	tulialbie@gmail.com
Werner de Jager	Bontvlei	WJ	Carolina	082 926 4565	wernerdejager67@gmail.com

FREE STATE VRYSTAAT

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Casper Kriel	Casman	CHK	Boshof	082 805 0926	casmantuli@gmail.com
Giel van Niekerk	Ganna Aar	GA	Perdeberg (Boshof)	083 269 8443	giel@isat.co.za
Albie Rautenbach	Langlyf	R	Reitz	082 959 5759	raueasy@gmail.com
Cornelis Rautenbach	Nonnie	CR	Reitz	082 371 4390	nonstoet@gmail.com
Abel Rautenbach	Profyt	AR	Reitz	084 714 1462	abelrautenbach@gmail.com
Dirk van Velden	Eliden	DJJ	Rouxville	074 589 3833	dirk@virtual-acc.com
De Wet Human	Brehindy	DWM	Bloemfontein	082 800 1430	dviking@mweb.co.za
Christiaan Paulsen	Hoeksteen	HKS	Smithfield	076 378 5938	paulsen.christiaan@gmail.com

EASTERN CAPE OOS-KAAP


NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL	EMAIL
Ed Clark	HBH	HBH	Dordrecht	082 573 0223	ed@hbhtuli.co.za
Gordon Gilfillan	Glen Heath	GH	Middelburg	083 545 8653	gk.gilfillan@gmail.com
Don & Margi Harvey	Shashi	ST	Macleantown	082 569 2074	margih@redalert.co.za
Russel Kruger	Tsavo	TTS	East London	082 558 9740	russ@muggandbeanel.co.za
Chris Hobson	Bardee	D	Graaff-Reinet	084 092 9750	rooiberg@jabama.co.za
Dr Johan Strydom	Orangia	JAKS	Aliwal North	083 657 4001	strydomjak@telkomsa.net
Stephen Mains-Sheard	Tip Tree	TT	Thornhill	082 323 4286	crosswayfarm@gmail.com
Alwyn Marx / Gert Schmidt	Alpha Omega	AM	Burgersdorp	083 448 7870	alfaenomegastoet@gmail.com
Dave Mullins	Avondale	ADM	Grahamstown	082 299 7953	mullins@isat.co.za
Colin Raath	Acacia Mountain	A	Tarkastad	082 320 2863	info@petbirds.com
Christo Rothman	Bushmans Mountain	CHR	Gariep Dam	082 572 9506	christo@sizanani.com
Gert & John Strydom	Tsitsi	CGS	Humansdorp	083 506 2768	johnstrydom@igen.co.za
Andries van Wijk	Van Wijk	VW	Barkly Oos	073 247 7817	vanwijkapr@gmail.com

MEMBERS LIST / LEDELYS

Africa / Afrika


ZAMBIA

NAME	PREFIX	HDM	CONTACT PERSON	CELL NO.	E-MAIL
Chris Rogers	Koce	KT	Lusaka	+260 977 43 0747	tulisanga@gmail.com
Nyreen & Tom Roberts	Mopani	MT	Lusaka	+260 977 77 2043	chikupiestates@yahoo.com



ZIMBABWE

NAME	PREFIX	HDM	AREA	CELL NO.	E-MAIL
Doug Follwell	Ntunteni	DJF	Norton	+263 371 220 6561	neeks@zol.co.zw



INSPECTORS

SENIOR INSPECTORS

Russell Clark 082 573 0223, Dordrecht, Eastern Cape
Dave Mullins 082 299 7953, Grahamstown, Eastern Cape
Alwyn Marx 083 448 7870, Burgersdorp, Eastern Cape
Stephen Mains-Sheard 082 323 4286, Thornhill, Eastern Cape
Cornelis Rautenbach 082 371 4390, Reitz, Free State
Albie Rautenbach 082 959 5759, Reitz, Free State
Charl van Rooyen 082 575 6370 Bethlehem, Free State
Ben Raath 083 468 6176, Britstown, Northern Cape
Werner Gouws 082 853 4483, Bronkhorstspuit, Gauteng
Christo Rothman 082 572 9506, Johannesburg, Gauteng
Merensia Groenewald 082 255 6173, Polokwane, Limpopo
Chris Rogers +260 977 43 0747, Lusaka, Zambia

JUNIOR INSPECTORS

Ed Clark 082 573 0223, Dordrecht, Eastern Cape
Colin Raath 082 320 2863, Cradock, Eastern Cape
Cameron de Waal 082 877 3982, Van Stadensriviermond, Eastern Cape
Abel Rautenbach 084 714 1462, Reitz, Free State
Leslie Cook 076 617 6471, Douglas, Northern Cape
Bennie Raath 078 789 9076, Britstown, Northern Cape
Jim Bredenkamp 083 679 7333 Postmasburg, Northern Cape
Rikus van der Merwe 082 890 0351, Britstown, Northern Cape
Coen Slabber 082 416 3853, Pretoria, Gauteng
Stefan Botha 082 493 7230, Schweizer-Reneke, North West
Stephane Roos 083 306 6002, Schweizer-Reneke, North West
MC & JJ Grobler 082 572 0362, Belfast, Mpumalanga
Henk Brand 071 599 5888
Paul Smith 072 104 3422, Howick, KwaZulu-Natal
TJ Terblanche 079 494 2787
Riek Truter 083 447 4175
Piet van der Merwe 082 952 1084



Produksieveiling



7 Junie 2022

& 6 Junie 2023

Streng seleksie word geplaas op vrugbaarheid en veld aanpasbaarheid.
Gemiddelde TKP van kudde is 368 dae.



Besoekers altyd welkom!

Albie Rautenbach C +27 82 9595 759 E raueasy@gmail.com

NONNIE STOET

Die tuiste van elite en superieur koeie



Teel reeds 39 jaar Tuli's met streng seleksie vir vrugbaarheid en koei tot kalf speenmassaverhouding. Gemiddelde kudde TKP 362 dae.



PRODUKSIEVEILINGS

7 Junie 2022 & 6 Junie 2023

Cornelis Rautenbach

Sel 082 371 4390 Epos nonstoet@gmail.com

www.raueasy.com

PROFYT



Teel aanvanklik uit CR- bulle en koeie.

Koei tot kalf speenmassaverhouding is die belangrikste na vrugbaarheid.



Koei massa
448kg


Verskalf massa
245 kg

Abel Rautenbach

Sel: 084 714 1462 | Epos: abelrautenbach@gmail.com

ALPHA &OMEGA

PRODUCTION SALE
25 MAY 2022 at 11:00
Essex Farm
BURGERSDORP



Alwyn Marx
083 448 7870

Harm Marx
087 550 1411

Gert Schmidt
084 941 1395

Email
alphaomegastoot@gmail.com

 Follow us
Alpha Omega Tuli Stud

